

**Woensdag 28 Desember**

**Skriflesing: Openbaring 21:1-8 (AFR83)**

**Fokusgedeelte: Openbaring 21:1-8**

**Hoe word God se plan voltooi?**

Ons leef reeds sedert hemelvaart in die eindtyd (laaste dae). Ons gebroke skrikbestaan is byna verby. Middernag het geslaan met Jesus se soendood. Terwyl Christus se opstanding en hemelvaart die nuwe tyd van herskepping inlui. Christus sê: Kyk, Ek maak alles nuut (vs 5). Ons ervaar die nuwe reeds (Joh. 14:12-14).

Ons het gister met geloofsoë Christus se oordeelsdag aanskou (Op. 20:15 ev). Die vraag is nou: Wat gebeur ná die Groot Oordeelsdag? Tydens die oordeel is die onheilige drie-eenheid, Satan, die Dier (Antichris) en die Valse Profeet, saam met al die ongelowiges in die poel van vuur gegooi (vs 8). Hulle is vir ewig weg. Geen boosheid kan of sal ooit weer deel van God se skepping wees nie.

Aan die ander kant: Hoe lyk die nuwe, die herskepping? Hoe lyk en leef God se volke, kinders, op die nuwe aarde en onder 'n nuwe hemel? Wat van al die plante, diere, oseane, geestelike wesens, sal dit weer daar wees?

Ons weet nie presies nie. Die Griekse woordjie vir nuut dui op herstel van die oue. Maar Paulus praat van meer, van 'n totaal nuwe skepping, 'n nuwe Jerusalem en van God wat nou by ons bly as ons Lig. God is ons vreugde, krag, energie en lewe. So wonderlik en heerlik is dat geen mens naastenby 'n voorstelling daarvan kan maak nie (1 Kor. 2:9). Geen honger, kommer, trane of pyn meer nie! Wat 'n vooruitsig (Rom. 8:18 ev)!

Om in die nuwe te deel, moet ons nou reeds daaglik in volle liefde met God (ons Vader) Christus ons Verlosser, deur die Gees leef(vs 6, 7). Ek kan nie meer wag nie, en jy?

*Sing: Skrifberyming 18-6:1-5*

*Dr. NP Heystek (Klasie) (emeritus)*